
# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 25.
Skaduwee van Gister



Meiring Fouché

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Verlore Patrollie | 3 |
| 2. | Eensame Wandelaar | 12 |
| 3. | Net Een Man | 21 |
| 4. | Om die Tuin gelei | 30 |
| 5. | Verraad in die Son | 38 |
| 6. | Eed van die Sabel | 47 |
| 7. | Een Kort | 56 |
| 8. | Nooi van Gister | 64 |
| 9. | Bloedhale | 74 |
| 10. | Vriend in die Nag | 83 |


Hoofstuk 1

# VERLORE PATROLLIE

Gryserige kol. Le Clerq, kommandant van die garnisoen van die Franse Vreemdelegioen in die voorposdorp Dini Salam, trek met 'n woedende beweging 'n ronde kring op die landkaart van die suid-oostelike Sahara wat teen sy kantoormuur hang. "Dit is in hierdie gebied waar O'Reilley se patrollie moes weggeraak het," sê Le Clerq vir kapt. D'Arlan, die klein blas Fransman wat met sy hande agter sy rug saamgevou, hier langs die opgewonde kolonel staan. "Dit is 'n verderflike, ellendige besigheid," sê Le Clerq magteloos. "Hoe moet ek dit teenoor die opperbevel verantwoord wanneer 'n patrollie van Dini Salam sommer tussen neus en oë in die Sahara verdwyn? Of dink jy hulle sal nog terugkeer D'Arlan?" vra hy skerp, swaai na die kaptein om en staar in sy oë. "Dink jy daar is nog 'n vae moontlik-heid dat O'Reilley-hulle kan terugkom?"

D'Arlan skud sy kop stadig. "Nee, *mon colonel*," sê D'Arlan met 'n sug. "Ek is bevrees ons moet dit maar aanneem dat O'Reilley en sy manne nie gaan terugkom nie. Dit is nou al meer as twee weke dat hulle terug moes gewees het."

"Ek kan dit net nie verstaan nie," sê Le Clerq en slaan 'n woedende hou deur die lug met sy offisierstaf. "Wat kon tog van hulle geword het. Die aasvoëls het hulle tog nie opgevreet nie. Hulle is tog seker nie so onnosel om in 'n sandstorm om te kom, of te verdwaal, of dood te gaan van die dors nie. Hulle weet goed genoeg waar elke oase in hierdie gebied is. Hulle weet hoe om hulle in 'n sandstorm te gedra. Nou wat kon van hulle geword het? Gedros het hulle tog seker nie."

"En die Arabiere?" vra D'Arlan terwyl hy stip na die landkaart bly staar.

"Arabiere!" proes Le Clerq en sy gesig word rooi van onstoken-heid. "Moenie gek wees nie D'Arlan," sê die kolonel. "Die Arabiere is vreedsaam, sover ek weet. Watter rede sou hulle in hierdie stadium hê om 'n patrollie van die Vreemdelegioen te oorrompel? Buitendien,

dit sou meer as 'n Arabierse patrollie gekos het om O'Reilley-hulle te oorrompel want hulle is tot die laaste man toe goed bewapen. Nee ek dink dit is bog, D'Arlan."

"Heel moontlik, Kolonel," antwoord D'Arlan kalm. "Maar al wat ek weet, is dat 'n mens die Arabiere nooit kan vertrou nie. Hulle is oënskynlik nou baie vreedsaam maar wie sê daar het intussen nie al weer iets gebeur wat hul maanhare laat regop staan nie?"

Le Clerq trek weer onbewus 'n sirkel op die landkaart. "Hier is dit waar hulle moes verdwyn het," sê hy. "Want hierheen het ek hulle gestuur. Ek het hulle maar net daarheen gestuur omdat ek nuuskierig was om te weet wat onder die kleinere stammetjies in daardie gebied aangaan. Dit is so 'n afgeleë deel, D'Arlan. Geen groot stamme in daardie omgewing nie. En nou het hulle skoonveld verdwyn. Hoe verklaar 'n mens dit? Wat moet ek doen? Moet ek nou die hele garnisoen van Dini Salam agter hulle aanstuur? Net agt man — O'Reilly en sewe manskappe — die het verdwyn soos mis voor die son." Meteens swyg die kolonel en kyk onderlangs, betekenisvol na D'Arlan. "Dink jy hulle kon gedros het, *mon ami*? Dink jy daar bestaan so 'n moontlikheid?"

"Ek dink daardie idee kan ons onmiddellik verwerp, Kolonel," antwoord D'Arlan sonder die minste aarseling. "As daar een man is wat nooit uit die Legioen sal dros nie, dan is dit O'Reilley. En die sewe kêrels wat hy by hom het, is almal betroubare kêrels. Nee, ek dink nie daar is so 'n moontlikheid nie, Kolonel. Agter die verdwyning van hierdie manne sit iets anders en ek het so 'n snaakse gevoel dat dit iets groter is as wat ons ons verbeel."

"'n Opstand van die Arabiere?"

"Ek dink nie so nie, Kolonel," antwoord D'Arlan. "Ek dink die verdwyning van hierdie patrollie van O'Reilley het niks te doen met die opstand van Arabiere nie."

"Nou wat dan?"

"Ek dink dit het te doen met die een of ander set. Dit kan te doen hê met die voorloper tot 'n aanval, maar nie met die aanval self nie. Ek kan nie los kom van die idee dat die Arabiere hierdie patrollie





buitgemaak het met 'spesifieke doel nie."

"Nou ja, ek weet nie," sê Le Clerq kreunend. "Ek sit met my hande in my hare. Ek kan die manne nie sommer aan die vergetelheid oorlaat nie. Maar aan die anderkant, wat moet ek doen om uit te vind wat van hulle geword het?"

"Daar is net een uitweg, *mon colonel,*" antwoord die skraal blas kaptein wat bekend staan as die Houdini van die Sahara omdat hy al soveel male op wonderbaarlike wyse uit die greep van die Arabiere weggekom het.

"En dit is?" vra Le Clerq.

"Nog 'n patrollie, *mon officier* ... "

"Is jy dan van jou sinne af, D'Arlan? Moet ek nog 'n patrollie die woestyn instuur agter O'Reilley hulle aan om dié ook te verloor? Watter waarborg is daar dat as O'Reilley en sy patrollie verdwyn het, die patrollie wat ek agter hulle aanstuur nie ook sal verdwyn nie? Waarom stel jy voor dat ek so 'n risiko moet loop? As iets met hierdie patrollie gebeur, sal ek dubbel skuldig en dubbel onbevoeg lyk. Dit sal die einde beteken van my loopbaan in die Vreemdelegioen."

"Dit kan so wees, Kolonel," antwoord D'Arlan. "Maar ek kan aan geen ander alternatief dink nie. Ons kan tog nie 'n hele garnisoen agter O'Reilley aanstuur nie. En daarby kan ons nie met gevoude hande hier bly sit terwyl agt man van die Vreemdelegioen soos groot spelde in die Sahara verdwyn het nie. Hoe dink u, wat sal die opperbevel sê as daar uitgevind word dat ons niks gedoen het om te probeer uitvind wat met O'Reilley en sy manne gebeur het nie?"

"Dit is ook waar," sê Le Clerq driftig. "Dit is heeltemal waar. Maar ek kan myself net nie sover bring om te besluit om nog 'n patrollie in die weegskaal te plaas nie. Kan jy dit verstaan D'Arlan? Om een patrollie te verloor, is erg, maar om twee te verloor, is onvergeeflik. Afgesien van alle ander dinge sal dit my loopbaan as kommandant van Dini Salam ruineer."

"Nie as u die regte soort patrollie stuur nie, Kolonel," sê D'Arlan.

Daar is meteens verligting in Le Clerq se gespanne oë. Hy draai sy gesig vraend na die kaptein. "Die regte patrollie?" vra hy. "Hoe lyk

'n regte patrollie nou eintlik?"

"Die regte patrollie," sê D'Arlan, "sal bestaan uit kapt. D'Arlan en tien man deur homself uitgesoek."

Le Clerq snork en staar 'n bietjie verlore na die groot landkaart. "En wat, as ek mag vra, sal so 'n patrollie so besonders maak?" vra hy. "Of gaan kapt. D'Arlan en sy tien man almal wapenrusting van staal aantrek? Of is hulle so goed dat hulle 'n Arabierse leër kan weerstaan? Wat maak hulle beter as die patrollie van O'Reilley?"

"My liewe Kolonel," antwoord D'Arlan, "ek wil nie graag opdringerig of grootpraterig klink nie. Maar daar is mense wat die Sahara beter verstaan as ander mense. Daar is mense wat beter ondervinding het van die Sahara as ander mense. En so is daar mense wat vindingryker is as ander. Dit sal seker nie die eerste maal wees wat ek my op 'n gewaagde ekspedisie begewe nie. En as ek tien uitgesoekte manne by my het, sien ek kans om 'n klomp dinge aan te vang voordat ek in die hande van die Arabiere val."

Le Clerq glimlag in sy vuis hoewel sy gesig heeltemal uitdrukkingloos is. Hy het so gehoop dat D'Arlan die woorde sou spreek, want D'Arlan verlos hom nou uit 'n groot twyfel en uit 'n knaende krisis. Hy weet wat die klein kaptein daar sê, die waarheid is. Hy weet dat die klein mannetjie hier langs hom weergaloos dapper is en weergaloos slim. Die Arabier wat hom vang en hom behou, kan deur sy eie volk tot ridder geslaan word as so iets onder die Arabiere bestaan.

Maar omdat hy vir D'Arlan so 'n respek het, 'n diepe waardering en so 'n broederlike gehegtheid, het hy nog steeds geweier om iets soos hierdie aan die hand te doen. Le Clerq het besluit dat so 'n voorstel nie van hom sal kom nie. Terselfdertyd het hy heimelik gehoop dat die voorstel van D'Arlan sou kom. Daarom sê hy nou: "*Mon ami,* ek waardeer jou voorstel en jou bereidwilligheid om so 'n patrollie te lei. Maar ek is nie so seker dat ek dit gaan aanvaar nie. Jy weet natuurlik, D'Arlan, dat jy 'n uiters waardevolle man vir die Franse Vreemdelegioen is, sonder dat ek dit vir jou hoef te sê. jy weet natuurlik dat jy op hiedie ekspedisie met onbekende, onverklaarde en gevaarlike faktore te doen gaan kry. Daarom weier ek om jou te





vra om dit te doen of om jou te beveel om dit te doen."

D'Arlan lag saggies oor die onbeholpe diplomasie van sy leier. "Nie een van die twee sal nodig wees nie, *mon colonel,*" sê hy. "U hoef my nie te beveel of te vra om hierdie patrollie te lei nie, want ek het dit self aangebied. Laat ons dit so stel dat vrywilligers onder my leiding aangebied het om na die velore patrollie te gaan soek."

Le Clerq staar met 'n betekenisvolle glimlag na hom.

"U sien, Kolonel," sê D'Arlan, "as u dit toelaat, kan niemand later met 'n vinger na u wys as daar dalk iets gebeur nie. Ons is bloot vrywilligers wat ons dienste aangebied het en u het daardie dienste aangeneem."

Le Clerq draai om en stap na sy lessenaar toe. Met die offisierstaf slaan hy 'n versigtige hou na die nek van die konjak-bottel — net rakelings mis. Hy sit in sy draaistoel terwyl D'Arlan voor die lessenaar kom staan. "As jy moet sê wat van O'Reilley geword het, wat sal jy sê, D'Arlan?" vra Le Clerq.

"Ek is bevrees, *mon colonel,* daarop kan ek nie antwoord nie. Daar kon soveel dinge met O'Reilley-hulle gebeur het. Hoewel u nie so skyn te meen nie, kon hulle verdwaal het. Hul kos en water kon ingegee het. Hulle kon miskien onverwags deur die Arabiere oorrompel gewees het. Nog talle ander dinge kon met hulle gebeur het. Nee, ek is nie van plan of bereid om hier 'n raaiskoot te waag nie. Ek dink dit sal veel beter wees as 'n patrollie dadelik uitgaan om te gaan vasstel wat van O'Reilley en sy klein garde geword het."

"Dankie vir die aanbod, *mon ami,*" sê Le Clerq formeel, sy oë ernstig. "Dit word aanvaar."

"Dankie, *mon colonel,*" sê D'Arlan. "Ek wil nog vannag vertrek. Staan dit my dan vry om die tien man uit te soek?"

"Jy kan saamvat net wie jy wil, *mon ami.* Jy sal sorg dat elke man ten beste gewapen is. En dit is 'n bevel."

"Dankie, *mon colonel,* ek sal sorg vir voldoende wapens. Hoewel ek 'n gevoel het dat dit nie vir ons nodig gaan wees om veel te skiet nie. Soos ek u reeds gesê het, het ek 'n gevoel dat ons nie hier met oorlog te doen het nie maar eerder met 'n geslepe set wat tot iets

groters moet lei."

Le Clerq trek die laai van sy lessenaar oop, haal daar 'n afskrif uit van die duidelike en omsigtige bevel wat hy aan sers. O'Reilley, die rooikop van die Vreemdelegioen, oorhandig het voordat hierdie skynbaar noodlottige patrollie uitgetrek het. "Lees hierdie noukeurig," sê Le Clerq. "Dit dui in besonderhede die gebied aan waarheen ek O'Reilley gestuur het. As jy wil, kan jy 'n afskrif laat maak."

Maar D'Arlan is so verdiep in die bevel dat hy skaars hoor wat le Clerq sê. Hy lees dit een maal deur, toe staan hy op en stap na die landkaart. Met die stuk papier in sy een hand en 'n potlood in die ander ondersoek hy die gebied wat in die bevel genoem word. Dit verdiep sy belangstelling en verbasing. Dit is heeltemal korrek wat le Clerq flus gesê het - die streek is myle verwyderd van die naaste groot Arabierse stam. Die klein spikkels op die landkaart dui op klein vreedsame Arabierse stamme - meesal stammetjies wat weggebreek het van die een of ander hoofstam en nou 'n rustige, kalme bestaan voer by die een of ander oasetjie of by die een of ander gehug wat al jare der jare bestaan. Dis nie vegters wat hierlangs woon nie, net vreedsame mense wat hul kamele en bokke oppas en hul perde versorg en slegs af en toe deur 'n ondernemende karavanier besoek word. Jare gelede was hy self in daardie streek, maar hy onthou dit nog goed. Dit is 'n streek waar die Sahara nie so woedend is soos elders nie. Droog en warm is dit daar wel, maar 'n mens kry daar minder van die bergagtige reuseduine met hul kruine wat soos skerp lemme teen die aandlug lê. Hierdie is 'n gelyker wêreld, besaai met skynbaar onmeetlike sandvlaktes en hier en daar die ronde rug van 'n platterige duin wat deur die hand van die natuur hier gevorm is. Hy kan net nie aaneem dat O'Reilley-hulle hier kon verdwaal het nie.

Met die oog van 'n kenner werk D'Arlan die verhouding van hierdie streek uit met die ander gebiede waar die groot stamme woon. Dit is ook nie Doelak-wêreld hierdie nie, want dit is betreklik ver van die Atlas-gebergtes geleë. Dit is ook nie die streek van die Berbers nie. Dit lê uit die pad van die wrede Toeareks.

Dit is die naaste geleë aan die streek van die Oerdoe-Arabiere. En





selfs die Oerdoe is 'n betreklik vreedsame stam wat heel ver na die Suidweste geleë is. Die Oerdoe het in die afgelope jare maar weinig moeilikheid gemaak. Maar hier waar hy nou voor die landkaart staan, wonder D'Arlan of die oorlogsgogga hulle nie dalk gebyt het nie. Hy ken die Oerdoe as 'n betreklike beskaafde stam wat in die verlede baie vatbaar geblyk het vir die idees en metodes van die beskaafde wêreld. Hulle is ruiters by uitnemendheid en as vegters is hulle weergaloos. Hulle haat vir die Vreemdelegioen is seker nie minder as dié van enige ander Arabier nie, maar hulle het hulle in die verlede nog altyd bedwing omdat hulle agterdog koester teen die Doelaks, die grootste en sterkste stam.

D'Arlan laat hom egter nie deur hierdie feite op 'n dwaalspoor bring nie, want hy weet dat die Oerdoe vanweë hul blinde nasionalisme net so vatbaar is vir die geringste vonk as enige ander stam, en hy weet ook dat wanneer die oorlogslus eers in hulle ontbrand, hulle hul nie van stryk sal laat bring deur hul jaloesie op die Doelaks nie. Wanneer oorlog in erns uitbreek, dit weet D'Arlan, sal die Oerdoe nie skroom om aan die sy van die Doelaks of enige ande stam te veg nie.

"Wat is die jongste inligting wat u van die Oerdoes het, *mon colonel?*" vra D'Arlan.

"Ons inligting oor die Oerdoe is betreklik oud," antwoord die kolonel. "Toe ek laas van hulle gehoor het, het hulle dood vreedsaam by hul oases gewoon. Skynbaar heeltemal tevrede, sonder die minste bedoeling om oorlog te maak. Waarom vra jy, D'Arlan?"

"Ek vra maar, Kolonel," sê die kaptein. "Ek kan my nie indink dat een van hierdie kleiner stammetjies iets met O'Reilley-hulle sou probeer doen nie. Die naaste groot stam aan hierdie gebied geleë, is die Oerdoe."

"Ek dink nie die Oerdoe sou iets me die patrollie aangevang het nie," sê Le Clerq. "Ek dink jy loer nou in die verkeerde gat, *mon ami.* Die gebied waarheen ek O'Reilley gestuur het, is heeltemal buite die sfeer van die Oerdoe geleë."

D'Arlan bring die stuk papier waarop die bevel geskryf staan, na

Le Clerq toe terug. In sy sakboekie het hy 'n paar aantekeninge gemaak uit die bevel. Lengte en breedtegrade aangeteken. Hy het 'n vinnige kaartjie van die streek geteken waarop die verhouding van die klein stamme en dié van die Oerdoe duidelik aangedui word. Hy het ook 'n skatting gemaak van afstande. En toe hy die papier aan Le Clerq oorhandig, voel kapt. D'Arlan in 'n dwaal. Die onstemmende feit dat O'Reilley en sy patrollie verdwyn het, is vir hom soos 'n geslote boek. Allerhande gissings kan hy wel maak, maar hy het nie die minste waarborg dat een van daardie gissings korrek is nie. En tog op daardie verre, gevaarlik woestyn moes daar iets gebeur het want 'n patrollie bly nie om dowe neute twee weke langer weg as wat dit veronderstel is om weg te bly nie. Veral nie in die Sahara nie. In hierdie woedende, teisterende wêreld sal 'n patrollie eerder 'n dag vroeër as 'n dag te laat opdaag.

Die kaptein voel ontsteld toe hy na die aantekeninge en landkaartjie in sy sakboekie staan en staar. O'Reilley is 'n ervare en goeie soldaat. Hy het 'n vurige Ierse temperament. Hy swets soos 'n matroos, maar hy ken die Sahara en hy is 'n dapper, vindingryke man. Wat sou dan van hom geword het?"

Dit is egter tipies van D'Arlan dat hy graag gissings vervang met aksie. Hier waar hy staan, weet hy dat dit geen jota of titel sal help om in jou gemoed met jouself te staan en argumenteer of om te peins oor al die moontlikhede in die situasie nie. Die heel beste is om tot aksie oor te gaan en self te gaan vasstel wat met O'Reilley en sy patrollie gebeur het.

Daarom skryf hy op die volgende bladsy van sy aantekening boekie vinnig tien name neer. Hy skeur die bladsytjie uit en lê dit voor Le Clerq. Le Clerq begin die name hardop van bo af lees: "Manskap Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner; manskap Fritz Mundt, die reuse- Duitser; Podolski, die Pool; Ritchie, die Engelsman; Petacci, die klein Italianer, en so meer.

"Die ou garde," sê Le Clerq toe hy na D'Arlan opkyk.

"Die ou garde, ja Kolonel," sê hy. "Vir hierdie soort werk is hulle die heel beste. Hulle is dapper, betroubaar; hulle kan uithou - en hulle kan dink. Veral die kêrel Stegmann. Hy is seker die intelligentste soldaat wat ons het."

"Nou goed, *mon ami,*" sê Le Clerq. "As dit jou keuse is, dan keur ek dit goed. *Bon voyage.* Ek hoop hulle het sukses. Maar voordat ons verder gaan, wil ek aan jou 'n bevel gee. Moet jou nie onnodig aan gevaar blootstel nie, D'Arlan. Ek het die gevoel dat hierdie 'n gevaarlik ekspedisie gaan wees. Daarom beveel ek jou om jouself so goed as moontlik op te pas. Ek hoop jy verstaan dit, D'Arlan."

"Ek verstaan dit, Kolonel."

Toe salueer hy en stap uit om die tien man te gaan aansê. Dit is reeds laat in die middag en hulle is nou almal in die slaapkwartier waar hulle hulle besig hou met kaartspeel, pyltjies-gooi, dambord, skaak en ander vermaaklikhede. Dit is 'n uur van rus en ontspanning; die uur waarin 'n mens weer lus voel vir die lewe. Dit het nou stadig begin koeler word. Die aand lê op die drumpel. Die aand met sy koel woestynwind wat vir jou lafenis bring in hierdie verderflike hitte.

D'Arlan het al sy eie metode uitgedink vir hierdie soort situasie. Eintlik moet hy vrywilligers vra, maar hy weet dat die helfte van die garnisoen sal inwillig om te gaan. Daarom kies hy maar altyd sy manne self. Hy deel hulle ewe plegtig mee dat dit 'n vrywillige daad is en dat hulle kan weier as hulle wil. Hy vind egter dat hulle nooit weier nie. En dan het hy die manne wat hy wil hê.

Toe die klein figuur van D'Arlan in die deur verskyn, raak dit stil in die groot slaapsaal. Daar kom 'n spanning in die stilte. Want die manne weet al dat as D'Arlan buitenstyd in die slaapsaal verskyn, iets moes gebeur het.

Daar waar hy staan, kyk hy eerste na Teuns Stegmann die lang, lenige blouoog-Suid-Afrikaner van die Franse Vreemdelegioen, en in die aanblik van D'Arlan sien Teuns iets waarvan hy nie hou nie.

## EENSAME WANDELAAR

Dit is nou 'n week vandat hulle uit Dini Salaam weg is. Dit was 'n bitter week hierdie, want D'Arlan het hulle genadeloosgedryf, nie met bevele of dreigemente nie, maar met sy eieonverganklike voorbeeld. Byna dag en nag het hy hulle oor die sandwoesteny heen gelei. Knarsend en krakend deur die warm sand. Verlore is die nagte wanneer die woestynwind die sweet koel gemaak het op hul gesigte. Hierdie is een van die mees teisterende trekke wat selfs hierdie tien ervare manne kan onthou. Nie alleen was die pas wat D'Arlan gestel het, dodelik nie maar hul pakke is ook heelwat swaarder as gewoonlik. Hulle het 'n groot voorraad ekstra ammunisie saamgebring. Elkeen is met 'n klein stompneus-snelgeweer bewapen. Hulle moes 'n ekstra voorraad water en voedsel saambring.

Daarom lê hulle nou dankbaar maar voetseer, lyfseer, tot die dood toe uitgeput, op die sand na die sterre en staar. Die wind waai vannag sterk. Sterker as gewoonlik. Dit is die soort Saharawind wat jou spore volkome uitwis net 'n rukkie nadat jy hulle in die sand afgedruk het. Die wind fluit oor hul rugpakke wat op die sand neergelê is, om die lope van die snelgewere, en dit jaag hul broekspype fladderend om hul bene. Hulle weet dit nie, maar D'Arlan weet dat hulle reeds die klein sirkel binnegegaan het wat Le Clerq met sy offisierstaf daar op die landkaart getrek het. Hulle is nou in die streek van die klein stamme. Dit is hier waar die soektog na O'Reilley moet begin. 'n Soektog in 'n sandverlatenheid waar die golwende duine soveel geheime kan bedek en waar die Sahara wind soveel aanduidings kan uitwis.

Hulle praat nie veel hier waar hulle lê nie, doen net af en toe 'n noodsaaklike mededeling, want hulle weet dat D'Arlan hulle nie lank gaan laat rus nie. Hy sal hulle net tyd gee dat die ergste tamheid uit hul ledemate verdwyn, dan sal hy maar weer met hulle begin trek oor die spoorlose wildernis van waaiende, drywende sand. Van hitte en





wind. Van verlatenheid en die steedswagtende dood. Teuns Stegmann het sy lang liggaam op die koel sand uitgestrek, lê met sy blonde kop teen die rugsak geleun. "Ek wonder," sê hy, "wat van O'Reilley en sy manne kon geword het." Dis snaaks, maar op die lang reis het nog nie een van hulle hierdie vraag uitgespreek nie. Maar dit is asof die tyd nou aangebreek het om daardie vraag te stel.

Fritz Mundt se stem kom krakend en onvas deur die wind in die donker. "Miskien," sê Fritz, "het O'Reilley lus gekry vir Ierse whisky en vir die mooi nooiens van Dublin. Miskien, wie weet, het hy en sy manne moeg geword vir die Sahara - net so moeg soos wat ek op hierdie oomblik vir hierdie hel is."

"Jou uitleg, ou grote," sê Podolski gapend, "is, soos gewoonlik, onaanneemlik. O'Reilley is seker die laaste man wat uit die Legioen sal dros."

Miskien is dit die uitputting, miskien is dit die onaantasbaarheid van die geheim wat hulle die gesprek amper dadelik laat staak. Niemand probeer dit verder voer nie. Niemand probeer verder 'n uitleg aan die hand doen wat met O'Reilley en sy manne kon gebeur het nie. Hulle swyg net, staar na die sterre op en probeer gou 'n bietjie dut voordat D'Arlan se skerp, helder stem hulle weer sal oproep om verde te gaan op hierdie vreemde soektog wat vir hulle almal so onmoontlik, so vergeefs lyk.

Teuns het ook net ingesluimer toe D'Arlan se stem hom wek. "Opstaan, *mes amis*!" beveel D'Arlan wat al weer op sy voete is. "Dit is tyd om te trek." Daar waar die klein Fransmannetjie in die vae sterlig in die sterk wind staan, lyk hy op hierdie oomblik onverganklik. Dit lyk asof die man net nie kan moeg word nie, asof hy net nie moedeloos kan word nie, asof tou-opgooi 'n uitdrukking is waarvan hy nog nooit gehoor het nie.

Sugtend en kreunend kom die manne orent en wankel op hul moeë bene en swaai die swaar rugsakke met moeite oor hul skouers. Byna teësinnig neem hulle hul wapens op en toe D'Arlan deur die sand begin beweeg, is dit asof hulle hul uitputting vergeet en hom byna blindelings volg, sonder om te vra waarom of waarheen. Omdat dit